LEDE IN CHRISTUS KERK
TEOLOGIESE SEMINARIE

# *Die opkoms van 'n nuwe generasie.*

## Inhoudsopgawe. Bladsy.


| | |
|---|---|
| **Leerstellige Verklaring.** | **3** |
| **Agtergrond.** | **4** |
| **Personeel.** | **6** |
| **Visie Stelling.** | **7** |
| **Doelwit Stelling.** | **7** |
| **Akkreditasie.** | **8** |
| **Registrasie Informasie.** | **9** |
| **Tariewe.** | **10** |
| **Sertifikaat in Christelike Diens.** | **11** |
| **Die Pastoorsvrou in die Bediening.** | **14** |
| **Diploma in Pastorale Leierskap.** | **15** |
| **Ander opleidings instansies** | **19** |
| **Vertroulikheidsbeleid.** | **20** |

# Leerstellige Verklaring.

**Die LEDE IN CHRISTUS KERK TEOLOGIESE SEMINARIE (LICKTS) is die amptelike teologiese opleiding institusie van die Lede in Christus Kerk. Ons is ‘n Pinkster Denominasie, genadiglik gered deur die versoeningsbloed van Jesus Christus. Ons anvaar die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, Wie geopenbaar is in ‘n Drie-eenheid as Vader, Seun en Heilige Gees. Ons glo ook in ware bekering, sonde belydenis, restitusie, en die waterdoop as die verlossingsplan van God vir die mensdom. Ons beoefen doop deur onderdompeling en glo in die doping in die Heilige Gees met die spreek in vreemde tale as bewys daarvan. Ons glo in praktiese heiligmaking nie deur eie geregtigheid nie maar deur die werking van die Heilige Gees as die aanhoudende proses van wedergeboorte. Die manifestasie van die Heilige Gees en die werking van die gawes van die Heilige Gees is vir ons essensieel in ons dienste. Ten slotte glo ons ook in die wederkoms van Jesus Christus en ‘n ewige hemel en ‘n ewige hel.**

## Agtergrond.

**Gedurende die eerste bestaansjare van die kerk was voornemende pastore opgeroep na die Opleidingssentrum (Gebedshuis) vir 'n onbepaalde tyd, waar hulle dan opgelei was. Die destydse Moderator en stigter van die kerk, Past. C. J. Prinsloo, het met die hulp van die ander pastore; Jaap Steenkamp, Dries Botha, B. M. J. Van Vuuren, die opleiding behartig. Later in die tyd van Past. G. J. Du Toit as Moderator, is die opleiding stelsel verbeter en opleiding was gedoen op 'n AD HOC basis met homself, Pastore D. P. Du Toit (finansies), J. P. Van Den Berg (Sondagskool) en andere as die opleidingspersoneel. Daar was op daardie stadium reeds 'n groot behoefte aan die samestelling van 'n behoorlike pastorale kursus en effektiewe opleiding veral deur Pastore Hannes Kapp en Otto Marx. In 1990 is 'n opleidingsspan dan ook in die lewe geroep met Past. T. I. M. Jooste as Prinsipaal, J. P. Van Den Berg as sekretaris, D. Steynvaardt, J. J. Marx en G. M. J. Ferreira. 'n Formele Pastorale Kursus is saamgestel en die eerste groep van elf (11) pastore het dit bygewoon om pastorale opleiding te ontvang in November 1990 in die kerk van Helderberg Gemeente in Pretoria. Hierdie aanbieding was daarvan af op 'n jaarlikse basis gedoen en daar was ook aandag gegee aan spesiale kursusse soos Interpersoonlike Effektiwiteit (1995), die EE3 Evangelisasie kursus en so meer. 'n Kursus vir nege en twintig (29) vise-pastore en hulle gades was ook aangebied in Des 1994. Jaarlikse kursusse was ook geïmplementeer vir die swart pastore.**

**Dit het die weg gebaan vir die totstandkoming van die Gamaliël Bybelskool wat dan later verander het na Gamaliël Bybelkollege. In 1997 is die deure van die Gamaliël Bybelkollege amptelik geopen as die algemene Opleidingsentrum van die Lede In Christus Kerk deur die Moderator Past. W. R. Frisby. Verskeie van die lektore het hulsel intussen bekwaam en Dr. J. P. Van Den Berg (as Dekaan) en Prof. W. R. Frisby (as Moderator) het baanbrekerswerk, saam met andere gedoen wie deel was en later deel geword het geword het van die opleiding. In hierdie tyd is daar ook samewerking bewerkstellig met die Apostoliese Geloofsending Teologiese Seminarium, Christian Life Training (C. L. T) Kollege, en Trinity Internasionale Bybel Universiteit. Ander dosente soos Pastore J. S. Vosloo, J. J. Marx, M. B. Erasmus, M. Erasmus, Dr. J. J. Deysel en Prof. J. Grobler het ook sedertdien deel geword van die opleidingspan.**

**In April 2010 word Dr. Marius Erasmus verkies deur die pastoorskorps as Moderator en hy sien opleiding as een van die prioriteite in sy visie vir die kerk vir die toekoms. Dr. J. J. Deysel word verkies tot Direkteur van Opleiding en word die voorsitter van ‘n effektiewe opleidingskomitee (Prof. J. Grobler, Dr. J. P. Van Den Berg, Past. G. M. J. Ferreira, Past. P. J. King, Past. J. S. Vosloo, Past. S. Batohi, Past. M. B. Erasmus, Past. J. J. Marx, Past. R. Cilliers, Past. J. M. Jansen Van Vuuren en Me. A. Deysel).**

**Past. T. I. M. Jooste was dan die eerste Prinsipaal van die destydse Gamaliël Bybelskool en is opgevolg deur Dr. J. P. Van den Berg in Feb. 2001 as dekaan van Gamaliël Bybelkollege. In April 2010 volg Dr. J. J. Deysel hom op as die Direkteur van Teologiese Opleiding van die Lede In Christus Kerk (Lede in Christus Kerk Teologiese Seminarie). Die Pastorale Kursus word op gegradeer en word ‘n twee jaar kursus waar studente ‘n Sertifikaat in Christelike Diens en later ook en ‘n Diploma in Pastorale Leierskap kan verwerf.**



# Personeel.

**Direkteur van teologiese opleiding:** **Dr. J. J Deysel.**

**Komitee Lede:**

| | | |
|---|---|---|
| **Prof. J. Grobler.** | **Dr. J. P Van Den Berg.** | **Past. G. M. J Ferreira.** |
| **Past. P. J. King.** | **Past. K. Vosloo.** | **Past. S. Batohi.** |
| **Past. M. B. Erasmus.** | **Past. J. J. Marx.** | **Past. R. Cilliers.** |
| **Me. A. Deysel.** | **Past. J. M. Jansen van Vuuren.** | |

**Kurrikulum Adviseurs:**

| | |
|---|---|
| **Prof. J. Grobler.** | **Dr. J. J. Deysel.** |
| **Past. G. M. J. Ferreira.** | **Past. J. S. Vosloo.** |
| **Dr. J. P. Van den Berg.** | **Past. P. J. King.** |

***Vir enige navrae kontak gerus:***

**Die Registrateur.**
**Mr. Arnold Venter.**
**Posbus 1561**
**Polokwane**
**0700.**
**Sel: 071 314 5486.**
**Email: miccts@gmail.com.**

## Visie Stelling.

**Om ‘n invloed in die samelewing te wees,**

**op alle vlakke van die lewe,**

**ten einde mense in staat te stel,**

**met die Woord van God,**

**om hul God-gegewe potensiaal te bereik.**

## Doelwit Stelling.

**Die toerusting van ‘n generasie van mense wie sal lief wees vir die Gees-gedrewe Woord van God, dit sal verkondig, dit sal lewe en die wêreld daarmee sal verander.**

# Akkreditasie.

**LICKTS is in die proses van onderhandeling vir akkreditasie op hoër akademiese vlakke. Ander akademiese kwalifikasies wat studente verwerf het, sal met aansoek geevalueer word en gekrediteer word. 'n Transkripsie van sulke kwalifikasies kan gestuur word aan:**

**Prof. J. Grobler (082 565 4008).**

**johangrobler@vodamail.co.za**

**Seminarie Graderingstelsel.**

| Graad | Persentasie | Punt |
|---|---|---|
| A | 80-100 | 4.0 |
| B | 60-80 | 3.5 |
| C | 50-69 | 3.0 |
| D | 40-59 | 2.0 |
| E | below 50 | 1.0 |

# Registrasie Informasie

**1. Inskrywings vir die 2012 Akademiese jaar:**

**1.1 Eerste inskrywings: 1 Januarie 2012 tot 31 Januarie 2012.**

**1.2 Tweede Inskrywings: 01 Julie tot 31 Julie 2012.**

**(Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie)**

**2. Aansoek vorm**

**Inskrywings Vorm**

**(Regs kliek op skakel en kies "save as").**

**3. Voltooide inskrywings vorms moet gepos word aan:**

**(Neem asb. kennis dat geen faks of e-pos aansoeke geprosesseer sal word nie)**

***Die Registrateur.***

***Mnr. Arnold Venter.***

***Posbus 1561***

***Polokwane***

***0700.***

***Sel: 071 314 5486.***

# Tariewe.

**Registrasie Fooi:** **R 150-00.**

**Sertifikaat in Christelike Diens Program:** **R 200-00 per vak (Word met skakel van Webwerf elektronies afgelaai).**

**Die Pastoorsvrou in die Bediening Program:** **R 200-00 per vak (Word met skakel van Webwerf elektronies afgelaai).**

**Diploma in Pastorale Leierskap Program:** **R 200-00 per vak (Word met skakel van Webwerf elektronies afgelaai).**

**Addisionele Vakke:** **R 200-00 per vak (Word met skakel van Webwerf elektronies afgelaai).**

***Rekening Besonderhede:***

**LEDE IN CHRISTUS KERK GAMALIEL BYBELKOLLEGE.**

**ABSA Tjek.**

**Rekening No: 630674727**

**Takkode: 632005**

**Verwysing: Studente nommer of ID nommer**

**(Stuur ‘n E-pos met Volle Name, Van en Id no na miccts@gmail.com , om studente no te bekom)**

# ***Sertifikaat in Christelike Diens.***

**A. Vereiste**

**1. Studente moet ‘n e-pos adres he, en toegang he tot die internet om modules en hersienings vraestelle af te laai.**

| Vak | Module | Krediete | Beskrywing en Dosent. |
|---|---|---|---|
| **Sistematiese Teologie I** | | **48** | |
| **Kerk leerstellings** | **M1** | | **Studie aangaande Kerk leerstellings.**<br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] 082 538 4226*** |
| **Bibliologie** | **M2** | | **Bibliologie ondersoek die Skrifte om vas te stel of dit die beliggaming is van Goddelike openbaring, eg, geloofbaar, outentiek (kanoniek) en bonatuurlik geïnspireerd is.**<br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] 082 538 4226*** |
| **Teologie (Godheid)**<br>**Christologie**<br>**Pneumatologie** | **M3** | | **Leerstellings aangaande God.**<br>**Leerstellings aangaande Christus.**<br>**Leerstellings aangaande Heilige Gees.** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | *Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ☎ 082 538 4226* |
| **Bybel kunde I** | | **34** | |
| **Homiletiek** | **M1** | | **Homiletiek is die Teologiese Wetenskap wat as studieobjek het die bediening van die Woord in die vergadering van die gemeente van Christus.**<br>*Prof. J. Grobler [johangrobler@vodamail.co.za] ☎ 082 565 4008* |
| **Hermeneutiek** | **M2** | | **Bybelse hermeneutiek is die leerstuk wat hom besig hou met die bestudering van prinsiepe wat met die verklaring van die Heilige Skrif in verband staan.**<br>*Prof. J. Grobler [johangrobler@vodamail.co.za] ☎ 082 565 4008* |
| **Praktiese Teologie I** | | **38** | |
| **Profesie** | **M1** | | **Die bestudering van die herkoms en gawe van profesie en die amp van profeet binne die kerk.**<br>*Dr. J. P. V/D Berg [mesocool@telkomsa.net] ☎ 082 570 6907* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorhuwelikse Berading** | **M2** | | **’n Studie om paartjies by te staan wat in die huwelik wil tree.** <br> ***Dr. J. P. V/D Berg [mesocool@telkomsa.net] ▮ 082 570 6907*** |
| **Emosionele Intelligensie** | **M3** | | **‘n Studie oor die belangrikheid van emosionele volwassenheid.** <br> ***Past. J. S. Vosloo [kobusvosloo@telkomsa.net] ▮ 082 461 6770*** |
| **Pastorale Leierskap** | **M4** | | **’n Studie wat handel oor Pastorale Leierskap en Kommunikasie.** <br> ***Prof. J. Grobler [johangrobler@vodamail.co.za] ▮ 082 565 4008*** |
| **Inleiding tot Sielkunde** | **M5** | | **Die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag en denkprosesse.** <br> ***Dr. J. J. Deysel [japiedeysel@gmail.com] ▮ 079 5227 188*** |
| **Inleiding tot Sosiologie** | **M6** | | **Die studie van die samelewing en die interaksie tussen mense.** <br> ***Dr. J. J. Deysel [japiedeysel@gmail.com] ▮ 079 5227 188*** |
| **Pastorale Berading** | **M7** | | **‘n Pastorale Beradingsmodel.** <br> ***Dr. J. P. V/D Berg [mesocool@telkomsa.net] ▮ 082 570 6907*** |
| **Liturgie** | **M8** | | **Die diensorde en optrede tydens die leiding van kerkdienste.** <br> ***Dr. J. P. V/D Berg [mesocool@telkomsa.net] ▮ 082 570 6907*** |

**Koste van Sertifikaat in Christelike Diens: Jaar 2011**

1. **Elektroniese formaat: R200 per module: (E - Pos met skakel om studie materiaal af te laai word aan student gestuur).**

# Die Pastoorsvrou in die Bediening.

**A. Vereiste**

1. **Studente moet 'n e-pos adres he, en toegang he tot die internet om modules en hersienings vraestelle af te laai.**
2. **Student se eggenote moet reeds in die bediening wees**

| *Vak* | Module | Beskrywing en Dosent. |
|---|---|---|
| Die vrou se rol in die pastorie I | M1 | 'n Studie oor die rol van die Pastorie Moeder in die bediening. Deel I<br>*Me. A. Deysel [japiedeysel@gmail.com]* ∎ *079 5227 188* |
| Die vrou se rol in die pastorie II | M2 | 'n Studie oor die rol van die Pastorie Moeder in die bediening. Deel II<br>*Me. A. Deysel [japiedeysel@gmail.com]* ∎ *079 5227 188* |

| | | |
|---|---|---|
| **Pastorale leierskap** | **M3** | **’n Lering wat handel oor Pastorale Leierskap en Kommunikasie in die pastoraat.**<br><br>***Prof. J. Grobler [johangrobler@vodamail.co.za] ■ 082 565 4008*** |
| **Vissers van mense** | **M4** | **‘n Beknopte studie oor Evangelisasie, Altaar werk, Huis en Hospitaal besoek.**<br><br>***Me. A. Deysel [japiedeysel@gmail.com] ■ 079 5227 188*** |
| **Trauma Hantering** | **M5** | **‘n Studie hoe om te deel met iemand wat trauma ervaar het.**<br><br>***Past. J. S. Vosloo [kobusvosloo@telkomsa.net] ■ 082 461 6770*** |



# Diploma in Pastorale Leierskap.

A. Vereiste

1. **Studente moet ‘n e-pos adres he, en toegang he tot die internet om modules en hersienings vraestelle af te laai.**
2. **Student moetr Sertifikaat in Christelike Dienswerk suksesvol voltooi het**
3. **Student moet ‘n pastoor of mede pastoor in Lede in Christus Kerk wees of op waglys wees om voltyds tot bediening toe te tree.**

| Vak | Module | Krediete | Beskrywing en Dosent. |
|---|---|---|---|
| **Sistematiese Teologie II** | | **44** | |
| **Dogmatiek** | **M1** | | **Studie oor Kerkleerstellings.**<br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] 082 538 4226*** |
| **Engelogie** | **M2** | | **Studie aangaande engele.**<br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] 082 538 4226*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Antropologie** | **M3** | | **Studie oor die mens en die sondeval.**<br><br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ✆ 082 538 4226*** |
| **Soteriologie** | **M4** | | **Studie aangaande die Saligheidsplan.**<br><br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ✆ 082 538 4226*** |
| **Eskatologie** | **M5** | | **Studie oor die Eindtyd.**<br><br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ✆ 082 538 4226*** |
| **Bybelkunde II** | | **36** | |
| **Polemiek** | **M1** | | **A studie oor die doderyk en die hiernamaals.**<br><br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ✆ 082 538 4226*** |
| **Bedelingsleer** | **M2** | | **'n Studie aangaande die verskillende dispensasies.**<br><br>***Past. G. M. J. Ferreira [ger.mar@telkomsa.net] ✆ 082 538 4226*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Praktiese Teologie II** | | **40** | |
| **Kerkgroei** | **M1** | | **'n Studie model oor Kerkgroei in kleiner Kerke.**<br>***Past. P. J. King [pieterking@telkomsa.net] ☎ 084 552 2300*** |
| **Pastorale Teologie** | **M2** | | **Die teologiese bestudering van die amp, doel en funksie van die pastoraat.**<br>***Past. P. J. King [pieterking@telkomsa.net] ☎ 084 552 2300*** |
| **Vergadering Prosedures** | **M3** | | **Die dinamika van vergadering prosedure.**<br>***Past. P. J. King [pieterking@telkomsa.net] ☎ 084 552 2300*** |
| **Trauma Hantering** | **M4** | | **'n Studie hoe om te deel met iemand wat trauma ervaar het.**<br>***Past. J. S. Vosloo [kobusvosloo@telkomsa.net] ☎ 082 461 6770*** |
| **Hoop na Egskeiding** | **M5** | | **'n Kursus om met mense te deel met geskeides.**<br>***Prof. J. Grobler [johangrobler@vodamail.co.za] ☎ 082 565 4008*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ontdek jou Gawes en Bedieninge** | **M6** | | **Ontdek jou gawes en jou bedieninge.**<br><br>***Past. J. J. Marx [jjmarx@vodamail.co.za] 084 491 107*** |

**<u>Koste vir Diploma in Pastorale Leierskap: Jaar 2011</u>**

1. **Elektroniese formaat: R200 per module:** **(E-Pos met skakel om studie materiaal af te laai word aan student gestuur).**

## Ander Akademiese Instansies.

**AFRICAN SCHOOL OF MISSIONS.**

**www.asm.org.za**

**E-Mail: registrar@asm.org.za.**

**Phone : +27 (0)13 751 2341.**

**Fax : +27 (0)13 750 1340**

**Cell:(+27) 082 550 9831  (+27) 082 550 9833.**

**TRINITY INTERNATIONAL BIBLE UNIVERSITY.**

**www.trinityinternationalbibleuniversity.com.**

**E-Mail: johangrobler@vodamail.co.za**

**Cell: (+27) 082 565 4008**

# Vertroulikheidsbeleid.

**Geen transkripsie van ’n student se prestasie of kwalifikasies sal aan enige iemand beskikbaar gestel word sonder skriftelike magtiging van die student nie. Die versoek van die student moet insluit: ID nommer, huidige telefoon nommer, datum van inskrywing, datum van laaste bywoning, huidige adres van student en die naam en adres van persoon of instansie aan wie hierdie magtiging verleen word. Geen persoonlike besonderhede van enige student sal aan enige iemand beskikbaar gestel word sonder die skriftelike toestemming van die student nie.**

**Kopiereg 2011.**